

Saterdag 12 November

Skrifgedeelte: 1 Konings 2:35-47

Fokusgedeelte: 1 Konings 2:44

Kosbare genade vra ononderbroke toewyding

In hierdie gedeelte vind ons die oorgang van die koningskap van Dawid na sy seun Salomo. Salomo voer onafgehandelde sake ten opsigte van verskeie mense uit.

So kyk hy nou ook na die saak van Semeï, die vloeker van Dawid. Semeï is reeds deur Dawid van 'n sekere dood gered, met sy terugkeer na Jerusalem ná sy vlug voor Absalom (2 Sam. 19:21-23). Nou word hy weer gespaar deurdat Salomo hom toelaat om in Jerusalem te woon. Daar is net een voorwaarde: hy mag Jerusalem nie verlaat nie. Dit word deur 'n wedersydse eed bekragtig (vs 42, 43). Semeï se drostende slawe laat hom egter van die eed vergeet en hy vertrek na Gat sonder om die koning eers te raadpleeg. Salomo se diplomatieke verteenwoordiger wat help om die slawe te eien, lig Salomo daaroor in. Semeï het geen verweer nie. Die teregstelling word deur leërowerste Benaja buite die paleis volvoer.

Hoe is dit met ons gesteld? Is ons hart en siel betrokke by die onverdiende genade van die Here wat ons so mildelik deur die soendood van Jesus Christus ontvang het? Of is dit so dat ons, sonder om 'n oog te knip en ten spyte van al ons ja's voor die Here, deur enige aardse gebeure afgetrek word van dit wat God van ons vra?

Onthou die les van Semeï: verwaarloos die genade en dra die volle straf.

Sing: Psalm 116:7, 8 (1936)

Ds. S (Simon) Hibbert (Koster)